



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

DANSSTUDIES

FEBRUARIE/MAART 2011

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 21 bladsye.

NOTA AAN NASIENERS/ONDERWYSERS

- In baie gevalle is beide 'n rubriek (assesseringskaal) en 'n inhoudsmemorandum verskaf om nasieners te lei. Albei moet gebruik word om die puntetoekenning te bepaal.
- In die inhoudsmemorandum word daar gewoonlik **meer** moontlike inligting verskaf as wat van die kandidate verwag word; dit moet egter 'n riglyn wees met betrekking tot die kwaliteit van die antwoord wat verwag word.
- Kolpunte ('Bullets') is in die memo gebruik om nasien te vergemaklik.
- Verwys na die **vermoënsvlakke** in die 'Fokusvraag'-tabel onder elke vraag om die hoë, medium en lae kognitiewe vlakke, wat in die antwoord verwag word, te bepaal.
- Nasieners moet nie kandidate vir verkeerde gebruik van grammatika of spelling penaliseer nie. Solank die kandidaat se antwoord duidelik en verstaanbaar is en aan die nasienkriteria (bv. die benoeming van spiere) voldoen. **Hulle mag egter nie volpunte vir opstel-/paragraaftipe vrae kry as daar grammatika- en spel-foute is en die antwoord nie in die regte vorm geskryf is nie.**
- In baie van die kwalitatiewe vrae, waar volledige verduidelikings vereis word, is een regmerkie nie aan een punt gelyk nie. Halwe punte moet toegeken word en aan die einde van die nasienwerk opgetel en afgerond word. Verwys weereens na die assesseringskaal/rubriek om die kandidaat op die korrekte vermoënsvlak te plaas.
- **Vermyn die toekenning van volpunte waar die antwoord oppervlakkig en minimaal is.** Hierdie eksamen is die hoogtepunt van 'n 3 jaar-opleidingsperiode, van graad 10 tot 12, en die vlak van strengheid wat vereis word, is dieselfde as vir ander matriekvakke.
- Waar kandidate agterlosige foute gemaak het, bv. nommering, moet die nasiener en moderator besluit of die kandidaat die betrokke vraag korrek beantwoord het.

AFDELING A: DANSGESKIEDENIS EN -TEORIE**VRAAG 1****NASIENRUBRIEK/-ASSESSERINGSKAAL**

VRAAG-NR.	0 SWAK	1 BEVREDIGEND	
1.1.1	Noem nie die dans of waarvandaan die dans kom nie.	Noem die dans en waarvandaan die dans kom.	
	0 SWAK	1 BEVREDIGEND	2 UITSTEKEND
1.1.2	Noem nie die begeleidng wat gebruik word nie.	Noem die begeleidng wat gebruik	Noem die begeleidng wat gebruik duidelik.
	0 SWAK	1 BEVREDIGEND	2 UITSTEKEND
1.1.3	Kan nie die kostuums beskryf nie.	Beskryf dele van die kostuums.	Beskryf die kostuums in detail.
	0 SWAK	1 BEVREDIGEND	2 UITSTEKEND
1.1.4	Kan nie die tema of doel van die dans verduidelik nie.	Noem die doel/tema van die dans.	Verduidelik die tema/doel van die dans in detail.
	0 – 1 SWAK	2 BEVREDIGEND	3 UITSTEKEND
1.1.5	Beskryf 'n paar/geen van die bewegings wat in die dans gevind word (nie).	Beskryf die bewegings wat in die dans gevind word met 'n bietjie begrip van die simboliese betekenis waar relevant.	Beskryf die bewegings wat in die dans gevind word in detail en verduidelik met begrip die simboliese betekenis waar relevant.
	0 – 2 SWAK	3 – 4 BEVREDIGEND	5 UITSTEKEND
1.2	Vergelyk die verskille/ooreenkomste tussen twee/een beginsel(s)/kenmerk(e) van die twee dansstyle geleer.	Vergelyk die verskille/ooreenkomste tussen vier beginsels/kenmerke van die twee dansstyle geleer.	Vergelyk, met insig en begrip, die verskille/ooreenkomste tussen vyf beginsels/kenmerke van die twee dansstyle geleer.

FOKUS VAN VRAAG	LEERUITKOMSTE				VERMOËNSVLAKKE		
Inheemse dans/Kulturele dans	LU1	LU2	LU3	LU4	LAAG	MEDIUM	HOOG
Beskrywing van dans: Herroep 1.1.1 – 1.1.3		√	√	√	5		
Tema/Bewegings: Analise 1.1.4						2	
Dansskat en -styl: Analiseer/Vergelyk 1.1.5 en 1.2							8

Laag: 1.1.1 en 1.1.3**Medium:** 1.1.4**Hoog:** 1.1.5 en 1.2**NOTA AAN NASIENERS:**

Maak seker dat jy die korrekte getal punte aan die vermoënsvlakke toegeken het.

LET WEL: Kandidate met Afrika-dans as hoofdansstyl mag oor 'n ander kulturele dans, buiten 'n inheemse Afrika-dans, skryf.

KRITERIA VIR ANTWOORDE:

- 1.1 **Naam van die dans wat beskryf moet word, bv. Domba-dans.**
- 1.1.1 Waar kom hierdie dans vandaan? (1)
- 1.1.2 Voorbeelde van musiekbegeleiding/genre/styl/musiekante. TWEE duidelik beskrywende feite nodig. (2)
- 1.1.3 Spesifieke beskrywing van kostuums vir dans. (2)
- 1.1.4 Tema/Doel van die dans beskryf in detail. (2)
- 1.1.5 Bewegings van die dans akkuraat en gedetailleerd. (3)
- 1.2 Vergelyking (ooreenkomste en verskille) van twee dansstyle en vergelyk ten minste VYF beginsels/kenmerke van die twee dansstyle. (5)
- [15]**

VOORBEELD VAN MOONTLIKE ANTWOORD

- 1.1 **Domba-dans**
- 1.1.1 Die dans kom van die **baVenda**-kultuur. (1)
- 1.1.2 Tromme, sang en handeklap/Afrika-musiek (2)
- 1.1.3 Die meisies dra **kort, tradisionele rompies** met kralehalsnoere en voetratels. Hulle dans met kaal bolywe. (2)
- 1.1.4 Die tema van die dans is gebaseer op die inisiasieseremonie van jong baVenda-meisies wat hulle hulle rol in die samelewing, as vroue, leer. (2)
- 1.1.5 Een van die belangrike simbole van die Domba-dans is die luislang, geassosieer met die skep van mense en diere. Hierdie simboliek kan gesien word in die opvoer van die Domba wanneer vroulike ingewydes baie naby, agter mekaar in 'n ry, staan en mekaar se elmboë vashou. Die visuele effek van die op- en afbeweeg van die arms kan met dié van 'n slang vergelyk word. Insgelyks kan hierdie beweging ook vergelyk word met die beweging van die voortplantingstelsel en -organe, veral die baarmoeder. (3)
- 1.2 Ballet het totaal ander stel beginsels as Afrika-dans.
- Ballet daag swaartekrag uit, dansers lyk asof hulle gewigloos is – Afrika-dansers gebruik/komplementeer swaartekrag en dans af na die grond toe.
 - Ballet-bewegings vereis almal die gebruik van 'n goed ontwikkelde uitdraai ('turn-out'), en passies word rondom hierdie onnatuurlike uitdraai geskep. Afrika-dans gebruik natuurlike, nie-geforceerde uitdraai.

- In ballet word die postuur verleng en styf gehou, met die meeste beweging wat in die ledemate plaasvind terwyl die bolyf styf gehou word. Afrika-dans gebruik die natuurlike ronding van die liggaam.
- In ballet is daar tradisioneel baie definitiewe geslagsrolle net soos in tradisionele Afrika-danse. Albei style het in moderne danswerke/danse meer toegeeflik geraak oor hierdie kenmerk en enige geslag kan die dans opvoer.
- Beide ballet en Afrika-danse gebruik mimiek en gebare in hul danse.

(5)
[15]**VRAAG 2****NASIENRUBRIEK/-ASSESSERINGSKAAL**

VRAAG-NR.	0 – 2 SWAK	3 – 4 BEVREDIGEND	5 UITSTEKEND
2.1	Min begrip van wat produksie-elemente is. Kan net geen/een/twee elemente beskryf (nie).	Toon begrip van wat produksie-elemente is en hoe dit tot 'n danswerk kan bydra. Noem en beskryf drie/vier verskillende elemente.	Toon uitstekende begrip van wat produksie-elemente is en hoe dit tot 'n danswerk kan bydra/dit versterk. Noem en beskryf vyf verskillende elemente.
	0 – 1 SWAK	2 – 3 BEVREDIGEND	4 UITSTEKEND
2.2	Min/Geen begrip van die rol van improvisasie (nie) en hoe dit choreografie help.	'n Bietjie begrip van die rol van improvisasie en hoe dit choreografie help.	Uitstekende begrip van die rol van improvisasie en hoe dit choreografie help. Kan met duidelikheid en insig verduidelik.
	0 SWAK	1 BEVREDIGEND	2 UITSTEKEND
2.3	Nie in staat om effektiewe beplanning vir repetisies te noem of te beskryf nie.	Noem 'n paar van die vereistes en beplanning nodig om effektiewe repetisies te verseker.	Verduidelik in detail die vereistes en beplanning nodig om effektiewe repetisies te verseker. Noem ten minste vier areas wat oorweeg moet word.
	0 SWAK	1 BEVREDIGEND	2 UITSTEKEND
2.4	Nie in staat om te verduidelik hoe vaardighede in die dansers tydens repetisies ontwikkel is nie.	Verduidelik hoe 'n paar vaardighede in die dansers tydens repetisies ontwikkel is.	Verduidelik in detail hoe vaardighede in die dansers tydens repetisies ontwikkel is.
	0 SWAK	1 BEVREDIGEND	2 UITSTEKEND
2.5	Nie in staat om oor die choreografieproses te besin nie.	Besin oor die choreografieproses en gee 'n paar voorstelle/redes.	In staat om met insig en begrip oor die choreografieproses te besin en gee voorstelle/redes.

FOKUS VAN VRAAG	LEERUITKOMSTE				VERMOËNSVLAKKE		
Choreografie/Improvisasie	LU 1	LU 2	LU 3	LU 4	LAAG	MEDIUM	HOOG
Produksie-elemente: Beskryf 2.1	√					5	
Improvisasie/repetisies en besinning: Analise en besinning 2.2 – 2.5							10

Medium: 2.1 – 2.2
Hoog: 2.3 – 2.5

2.1 Beskryf produksie-elemente in detail, en hoe dit tot 'n dans bydra/versterk. Ligte; musiek; ensenering; stelle; rekwisiete; kostuums; grimering; spesiale effekte

Voorbeeld van moontlike antwoord:

- Die gebruik van beligting kan tot 'n dans bydra aangesien dit 'n sekere effek skep en 'n invloed op die danser se aksie/bedoeling het. Die teatraliteit van die danswerk word hierdeur versterk en dit dra by tot die gehoor se gewaarwording van en reaksie op die opvoering.
- Die gebruik van kostuums kan tot die simboliese betekenis van die dans bydra deur die gebruik van kleur, tekstuur en lyn.
- Die gebruik van stelle en rekwisiete kan tot die danswerk bydra aangesien dit diepte, tekstuur en betekenis by die werk voeg. Dit kan ook die opvoeringsruimte op interessante wyse verdeel.
- Die gebruik van konvensionele/nie-konvensionele opvoeringsruimte kan 'n direkte invloed op die uitkoms van die opvoering hê deur daarstelling van die toneel en atmosfeer.
- Spesiale effekte kan die opvoering versterk, soos om beelde wat 'n simboliese betekenis vir die dans het, op die verhoog te projekteer.

(5)

2.2 Beskryf, in detail, hoe improvisasie help met choreografie en motiveer die antwoord.

Voorbeeld van moontlike antwoord:

- Improvisasie help om my kreatiwiteit en selfvertroue, en dié van my dansers, te ontwikkel.
- Improvisasie help my om idees of sensoriese stimuli op 'n ongebonde, eerlike en ondersoekende wyse te ontdek.
- Wanneer dansers hulleself heelhartig aan die ontdekkingsproses in improvisasie oorgee, kan interessante momente en dansbeelde na vore kom wat moontlik nie vantevore rasioneel bepeins is nie.
- Dit kan my bewustheid van myself en my dansers, in die ruimte wat ons beset, leer.
- Dit kan my help om ontvanklik te wees vir interessante interaksies wat uit my kontak met my dansers voortvloei.
- Improvisasie kan my van staatmaak op bekende danspassies of 'mooi danspassies' bevry.
- In improvisasie kan ek die eerlike impulse wat lei tot beweging en ook die oomblikke van hindernis/stoornis (hoe groot of klein ook al) ondervind en my laat lei deur die beelde wat uit so 'n ontdekking voortvloei.
- Improvisasie kan my oor my choreografiese keuses inlig.

(4)

2.3 Voorbeeld van moontlike antwoorde:

- Trek 'n rooster lank voor die tyd op.
- Verseker dat jou danser ingelig en beskikbaar is.
- Beplan repetisies/musiek/beweging/aktiwiteit/stimulus.
- Besin in joernaal na repetisies.

(2)

2.4 Voorbeeld van moontlike antwoord:

- Dit het hulle vertolkingsvaardighede: musikaliteit, tydsberekening, frasering, klem, projeksie, fokus, selfvertroue, styl, uitdrukkingsvaardighede.
- Dit het gehelp om fisiese vaardighede deur repetisie te ontwikkel, insluitende krag, stamina, buigbaarheid, ratsheid, balans, koördinasie, tegniek, bewegingsgeheue, fisiese vaardighede.
- Dit het die dansers gehelp om te leer hoe om saam ander in 'n ruimte te werk.
- Dit het samewerking en spanwerk ontwikkel.

(2)

2.5 Antwoord toon besinning oor en begrip van die choreografiese proses en voorbeelde/redes is gegee.**Voorbeeld van moontlike antwoord:**

Ek sou meer tyd spandeer het om my tema te kies en om waarlik te dink oor hoe ek dit deur beweging sou interpreteer. Ek voel dat ek nie my bewegings genoeg deur improvisasie ontwikkel het om werklik simbolies te wees van wat ek wou sê nie. Ek sou ook my repetisietye beter beplan het en nie alles tot op die laaste gelos het nie, aangesien dit veroorsaak het dat my dansers baie onnodige stres verduur het.

(2)

[15]

VRAAG 3

NASIENRUBRIEK/-ASSESSERINGSKAAL

VRAAG-NR.	0 – 2 SWAK	3 VOLDOENDE	4 – 5 BEVREDIGEND	6 UITSTEKEND
3.1	Verskaf minimale inligting oor die choreograaf se agtergrond.	Verskaf 'n bietjie inligting oor die choreograaf se agtergrond, geboorteland. Gee inligting oor vroeë opleiding of persoonlike en artistiese invloede of geselskap/instellings waar opgelei is.	Beskryf die choreograaf se agtergrond, geboorteland, vroeë opleiding, persoonlike en artistiese invloede en geselskap/instellings waar opgelei is.	As 'n aanbieding geskryf. Beskryf in detail en duidelik die choreograaf se agtergrond, geboorteland, vroeë opleiding, persoonlike en artistiese invloede en geselskap/instelling waar opgelei is.
	0 – 2 SWAK	3 VOLDOENDE	4 – 5 BEVREDIGEND	6 UITSTEKEND
3.2	Noem nie kortliks/ Noem die choreograaf se prestasies (nie).	Kan die choreograaf se prestasies, dans-/ choreografiese loopbaan verduidelik. Noem toekennings/erkenning wat ontvang is.	Kan die choreograaf se prestasies, dans-/ choreografiese loopbaan verduidelik. Noem ten minste een ander danswerk (nie voorgeskryf nie) van die choreograaf. Noem toekennings/erkenning wat die choreograaf ontvang het. Noem kortliks sy/haar bydrae tot dans/die gemeenskap.	Kan die choreograaf se prestasies, dans-/ choreografiese loopbaan in detail verduidelik. Noem ten minste twee ander danswerke (nie voorgeskryf nie) van die choreograaf. Noem toekennings/erkenning wat die choreograaf ontvang het. Verduidelik in detail sy/haar bydrae tot dans/die gemeenskap.
	0 – 2 SWAK	3 – 4 VOLDOENDE	5 – 6 BEVREDIGEND	7 – 8 UITSTEKEND
3.3	Geen oorsig/gee 'n kort oorsig/ van 'n paar kenmerke van die choreograaf se styl (nie).	Kan 'n oorsig van die choreograaf se styl gee.	Kan 'n oorsig van die choreograaf se styl gee en met feitlike voorbeelde ondersteun.	Gee 'n duidelike, ingeligte mening oor die choreograaf se kenmerkende styl en ondersteun menings met feitlike voorbeelde.

FOKUS VAN VRAAG	LEERUITKOMSTE				VERMOËNSVLAKKE		
Internasionale choreograaf	LU 1	LU 2	LU 3	LU 4	LAAG	MEDIUM	HOOG
Agtergrond: Herroep 3.1			√		6		
Prestasies: Toepas 3.2						6	
Loopbaan: Evalueer 3.3							8

Laag: 3.1
Medium: 3.2
Hoog: 3.3

NOTA AAN NASIENERS:

Kontroleer jou finale punte met die rubriek om te verseker dat jy die regte getal punte aan die vermoënsvlakke toegeken het en dat die antwoord op die regte standaard vir die totale punte geplaas is. Leerders wat oor 'n Suid-Afrikaanse choreograaf skryf, kry GEEN punte NIE.

KRITERIA VIR ANTWOORDE

- 3.1 In korrekte formaat geskryf. (Ken een punt toe.) Noem die choreograaf. Beskryf duidelik en in detail en sluit al die choreograaf **se detail** oor die volgende in:
- Agtergrond
 - Geboorteland
 - Vroeë opleiding
 - Persoonlike en artistiese invloede en dansgeselskap/instellings waar hy/sy opgelei is/gewerk het. (6)
- 3.2 Verduidelik duidelik en in detail en sluit al die choreograaf **se detail** oor die volgende in:
- Prestasies
 - Dans/Choreografiese loopbaan
 - Noem ander danswerke (nie voorgeskryf nie) van die choreograaf
 - Noem toekennings en erkenning wat die choreograaf ontvang het
 - Verduidelik, in detail, sy/haar bydrae tot dans/die gemeenskap (6)
- 3.3 Gee 'n duidelike, ingeligte mening en kan van die choreograaf se kenmerke identifiseer: .
- Kenmerkende styl
 - Ondersteun mening met feitelike voorbeelde (8)
- [20]

VOORBEELD VAN MOONTLIKE ANTWOORD AFDELINGS KAN MOONTLIK DIESELFDE WEES.

- 3.1 Goeiemôre. Vandag wil ek met julle praat oor die bekende **Britse** choreograaf, **Christopher Bruce**. Mnr. Bruce is bekend vir sy lang verbintenis met **Ballet Rambert** waar hy sy vroeë opleiding begin het. Bruce het egter lank voor dit al begin dans. Op 'n vroeë ouderdom het sy pa hom vir dansklasse by die **Benson Stage Academy** gestuur om sy bene, wat deur polio geaffekteer is, te versterk. Hy is in **klopdanse, akrobatiese danse** en **ballet** opgelei. Bruce het teen die ouderdom van 13 by die **Ballet Rambert School** aangesluit. Bruce word erken as die laaste danser wat deur die stigter van die geselskap, **Marie Rambert**, opgelei is. Toe Bruce by die geselskap aangesluit het, was dit hoofsaaklik 'n balletgeselskap, maar in 1966 het die Artistieke Direkteur, **Norman Morris**, Rambert hervorm om kontemporêre ballet in die repertoire in te sluit. Dit sou Bruce se choreografiese loopbaan beïnvloed. Bruce word as 'n talentvolle choreograaf erken en is geïnspireer en aangemoedig deur **Ballet Rambert**. (5)
- 3.2 Bruce het meer as 20 werke choreografeer. Sy eerste werk was **George Frideric** en van sy bekende werke is **Cruel Garden, Ghost Dances, Swansong** en **Sergeant Early's Dream**.
- Bruce het hoofsaaklik vir die **Rambert Dance Company** opgetree, maar het ook as gasarties vir ander geselskappe opgetree. Sy laaste groot rol was in 1988 vir die **London Festival Ballet**. Hy het as een van die **geselskap se hoofdansers** te voorskyn getree en word as 'n intense en dramatiese uitvoerende kunstenaar erken.

Na sy aftrede as uitvoerende kunstenaar is Bruce as **Mededirekteur** en toe as **Medechoreograaf** by Ballet Rambert aangestel. As choreograaf is Bruce voortdurend in aanvraag dwarsoor die wêreld en het vir geselskappe soos die **Nederlands Dans Theatre**, **Houston Ballet** en **Royal Danish Ballet** gewerk.

Bruce het homself as 'n danser, choreograaf en artistieke direkteur in verskeie geselskappe gevestig en het een van die **VK se voorste uitvoerende kunstenaars** geword. In 1988 is die 'Commander of the **British Empire**' vir 'n leeftyd se diens aan Bruce toegeken vir sy bydrae tot beide ballet- en kontemporêre dansgeselskappe in Brittanje.

As direkteur van die Rambert Dance Company, het Bruce ook **in opdrag** baie nuwe werke vir die geselskap gedoen en met choreograwe, soos **Merce Cunningham** (VSA) en **Jiri Killian** (Nederland) **saamgewerk**.

(7)

3.3

- Bruce vermy die skryf van programnotas of om spesifieke stellings te maak oor idees agter sy werk, aangesien hy verkies dat die gehoor dit na goeddunke sal interpreteer.
- Sy werke het gewoonlik 'n duidelike tema en daar is 'n sterk sin vir karakter, terwyl ruimte vir individuele interpretasie gelaat word.
- Sy balletwerke het 'n verhalende kwaliteit, alhoewel dit dikwels nie 'n spesifieke een-reël verhalende kwaliteit is nie, maar 'n laag beelde wat 'n tipe collage vorm.
- Bruce gebruik 'n wye reeks musiek, van klassiek tot folk- tot populêre musiek, in sy werke.
- Bruce se bewegingskat word uit klassieke ballet en kontemporêre dans getrek, veral die Graham-tegniek wat 'n groot deel van sy opleiding gevorm het.
- Sy choreografie haal ook uit ander dansstyle, naamlik volksdanse, sosiale danse en klopdansreekse, afhangend van die idees agter die werk.
- Alledaagse bewegings word ingesluit en gebare word dikwels gebruik.
- Bruce pak dikwels politieke en sosiale temas aan en sy werk ontwikkel vanuit 'n spesifieke stimulus, soos musiek, kuns of skryfwerk. In die herbewerking van hierdie gekose tema na beweging, abstraher hy die idee eerder as om dit letterlik te interpreteer.

Dankie. Ek hoop dat hierdie aanbieding jou geïnspireer het om meer van hierdie merkwaardige man en sy voortgesette prestasies in die danswêreld te leer.

(8)
[20]

VRAAG 4

NASIENRUBRIEK/-ASSESSERINGSKAAL

VRAAG-NR.	0 – 3 SWAK	4 – 7 VOLDOENDE	8 – 11 BEVREDIGEND	12 – 14 UITSTEKEND
4.1	Noem 'n paar/geen van die produksie-elemente wat in die danswerk gebruik is (nie) met minimale/geen verduideliking van hoe dit gebruik is (nie).	Noem 'n paar van die produksie-elemente wat in die danswerk gebruik is. 'n Kort beskrywing word gegee van hoe party elemente gebruik word om die bedoeling van die werk oor te dra.	Noem van die produksie-elemente wat in die danswerk gebruik is. 'n Verduideliking word gegee van hoe elke element gebruik word om die bedoeling van die werk oor te dra en dit is met feitelike voorbeelde ondersteun.	Alle produksie-elemente wat in die danswerk gebruik is, word genoem. 'n Gedetailleerde verduideliking word gegee van hoe elke element gebruik word om die bedoeling van die werk oor te dra en dit is met feitelike voorbeelde ondersteun.
	0 – 2 SWAK	3 VOLDOENDE	4 – 5 BEVREDIGEND	6 UITSTEKEND
4.2	Noem/Noem nie die komponis (nie). Min/Geen beskrywing van die musiek/begeleiding/instrumente (nie).	Noem die komponis. Beskryf die musiek/begeleiding/instrumente gebruik.	Noem die komponis. Beskryf die musiek/begeleiding. In staat om te verduidelik hoe die musiek/begeleiding/instrumente tot die sukses van die dans bygedra het.	Noem die komponis. Beskryf die musiek/begeleiding in detail. In staat om te verduidelik hoe die musiek/begeleiding/instrumente tot die sukses van die dans bygedra het en gee gedetailleerde en insigryke voorbeelde.

FOKUS VAN VRAAG	LEERUITKOMSTE				VERMOËNSVLAKKE		
Suid-Afrikaanse choreograaf	LU 1	LU 2	LU 3	LU 4	LAAG	MEDIUM	HOOG
Noem komponis					3		
Kennis van musiek 4.2						14	
Gebruik produksie-element 4.1							
Evalueer hoe musiek tot sukses bygedra het 4.2			√				3

Laag: Noem slegs komponis en produksie-elemente – 4 punte aangedui in memo

Medium: Hoe produksie-elemente in dans gebruik is – 10 punte
'n Verduideliking van die musiek – 3 punte

Hoog: Evaluering van hoe musiek tot die dans bygedra het – 3 punte

NOTA AAN NASIENERS:

Kontroleer jou finale punte met die rubriek om te verseker dat jy die regte getal punte aan die vermoënsvlakke toegeken het en dat die antwoord op die regte standaard vir die totale punte geplaas is. Leerders wat oor 'n internasionale choreograaf skryf, kry GEEN punte NIE.

KRITERIA VIR ANTWOORDE

- 4.1 Noem die danswerk en die choreograaf.
 • Hoofproduksie-elemente in danswerk word genoem, byvoorbeeld:
 - Beligting
 - Kostuums
 - Enscenering ('Staging')
 - Enige ander
 • 'n Gedetailleerde beskrywing word gegee van hoe elke element gebruik is om die bedoeling van die werk te kommunikeer en dit is deur feitelike voorbeelde ondersteun. (14)
- 4.2 Noem die komponis. (1)
 Beskryf die musiek/begeleiding in detail. (2)
 Kan in detail verduidelik hoe die musiek/begeleiding bygedra het tot die sukses van die dans en gee gedetailleerde, insigryke voorbeelde. (3)
[20]

VOORBEELD VAN MOONTLIKE ANTWOORD AFDELINGS KAN DIESELFDE WEES.

4.1 ***Bolero (Last Dance) – Alfred Hinkel***

Die 5de weergawe van Alfred Hinkel se abstrakte werk, *Bolero*, is in 2000/1 by die Artscape Teater opgevoer en sal hieronder bespreek word.

Kostuums:

Hinkel het met '**gumboots**' (rubberstewels) geëksperimenteer om onderdrukte mense af te beeld/te verteenwoordig, hoofsaaklik myners en dokwerkers, en alle weergawes sluit die gebruik daarvan in.

Hierdie 'vroulike' weergawe (net vroue is gebruik) het hoofsaaklik oor **sensualiteit** handel. Die beeld van die vroue met 'gumboots' en **leerbostukke** het 'n kragtige stelling oor die krag van vroue gemaak. In skerp kontras daarmee is **sjiffonrompe** gedra.

Aan die begin van die werk is die 'gumboots' feitlik glad nie gebruik nie. Soos wat die werk die klimaks genader het, is die '**boots**' al hoe meer gebruik en ongeveer halfpad deur die werk is dit gebruik om 'n donderende, woedende/boosaardige golf van klank saam met die musiek, wat voortdurend verdiep het, te skep. Toe die vroulike rolbesetting van *Bolero* trots op die verhoog gestap het, het hulle 'n kulturele en gemeenskapsdrempel oorgesteek. 'Gumboots' is op 'n **avant-garde**-wyse gebruik – tradisioneel word dit met 'n geboë rug opgevoer. Hinkel het gedemonstreer hoe 'n gevestigde tegniek vir kreatiewe doeleindes verander kan word toe sy dansers hulle eie **regop weergawe** van 'gumboot'-danswerk gedoen het. (7)

Beligting en ontwerp:

Die ontwerp maak staat op die beligting. Daar is **geen stelle of rekwisiete** nie. Die beligting bestaan oor die algemeen uit **blou, rooi en wit lig**. Die werk begin met **minimale beligting en silhoeëtte** (skadu's) gevolg deur kleurkombinasies wat regdeur die stuk voorkom. Teen die einde van die stuk

versag die beligting geleidelik totdat die dans met **verdonkering** eindig. Die beligtingstegnieke is subtiel alhoewel die kleure **strak** kan wees. Die gebruik van koue blou en helderwit beligting, is besonder verrassend. Die mees opsigtelike beligtingsoomblik kom aan die einde van *Bolero (Last Dance)* wanneer die dansers *chasse* (gly) en in 'n posisie op die vloer eindig. Die oomblik wat die dansers poseer, is daar verdonkering. Die meeste ander oorgange tussen gekleurde ligte of donker en helder beligting, **vind geleidelik plaas**. Die opeenvolging van die ligte verander nooit te dramatiese nie, met die meeste weergawes wat in **gedeeltelike duisternis/donker**te plaasvind. Anders as wat jy dalk sou verwag, neem dit niks weg van die choreografie nie, aangesien die danser in die donker amper tot **mitiese status** verhef word.

(7)

4.2 **Musiek: Maurice Ravel – komponis:**

(1)

Maurice Ravel se *Bolero* is vir 'n **groot orkes** geskryf en benodig baie instrumente. Daar word gesê dat Ravel se *Bolero* die langste crescendo in musiek is. Die struktuur van *Bolero* is merkwaardig eenvoudig. Dit bestaan hoofsaaklik uit 'n **enkele melodie** wat met **verskillende orkestrasies** vir elke herhaling, herhaal word. Die melodie gespeel in C-majeur deur die **fluite**, begin die stuk **piano** (sag). Terselfdertyd hamer 'n **snaartrom** 'n **ritme** wat **dwarsdeur** die stuk volgehou word. Teen die einde van die stuk speel twee tromme in harmonie. *Bolero* maak goeie gebruik van **kontrapunt**. Die melodie word tussen verskillende instrumente **aangegee**. Die begeleiding verbreed totdat die volle orkes **forte** (hard) speel teen die einde.

(2)

Bolero werk manjifiek as 'n partituur vir die *Last Dance*. Die musiek beweeg vanaf 'n **kalm** plek, en **bou geleidelik op** na die finale crescendo net soos die dans. Soos wat elke nuwe instrument bykom, so kom ook **meer dansers** by. Soos wat die musiek in volume groei, so **verhoog** die intensiteit en kombinasie van **dansstyle**. Die gehamer van die tromme regdeur die stuk komplementeer die ritmes wat deur die **'gumboot-dans'** geskep word.

Die kontras tussen dans en musiek verskaf 'n manier om vooropgesette menings oor dans en teater, wat kenmerkend van daardie tyd was, te verontagsaam.

Bolero (Last Dance) gebruik 'n kombinasie van Westerse klassieke musiek met 'n gemengderas-rolbesetting, kontemporêre, klassieke, Afrika-tradisionele, 'gumboot', Indiese en Pansula-passies om die samesmelting van kulture in Suid-Afrika te kommunikeer. **Die kontraste tussen dans en musiek** verskaf 'n manier waarop na plaaslike dansritmes en kontemporêre dansvorme gekyk kon word. Hinkel se werk wil nuwe werk aanvoer en daag verwagtinge uit deur elemente wat selde (of nog nooit nie) op die verhoog gesien is, te gebruik. Afrika-dans is op klassieke musiek getoonset. 'Gumboots' is deur vroue gedra, spesifiek wit vroue wat nog nooit met 'gumboots' opgetree het nie.

(3)
[20]**TOTAAL AFDELING A: 70**

AFDELING B: MUSIEKTEORIE

VRAAG 5

FOKUS VAN VRAAG	LEERUITKOMSTE					VERMOËNSVLAKKE		
Instrumente/Kategorieë	LU 1	LU 2	LU 3	LU 4		LAAG	MEDIUM	HOOG
Kennis			√			5		

Laag: 5.1 – 5.5

- | | | |
|-----|--------|------------|
| 5.1 | Onwaar | (1) |
| 5.2 | Waar | (1) |
| 5.3 | Waar | (1) |
| 5.4 | Onwaar | (1) |
| 5.5 | Waar | (1) |
| | | [5] |

VRAAG 6

FOKUS VAN VRAAG	LEERUITKOMSTE					VERMOËNSVLAKKE		
Musiekelemente	LU 1	LU 2	LU 3	LU 4		LAAG	MEDIUM	HOOG
Kennis: 6.1			√			1		
Analise: 6.2							2	
Sintese: 6.3								4

Laag: 6.1
Medium: 6.2
Hoog: 6.3

VOORBEELD VAN MOONTLIKE ANTWOORD

- | | | |
|-----|--|------------|
| 6.1 | Die hoogte en laagheid van 'n klank word toonhoogte genoem. | (1) |
| 6.2 | Tempo beskryf die spoed van 'n stuk musiek, óf vinnig – allegro, óf matig – moderato, óf stadig – lento, ensovoorts. Die spoed van die musiek bepaal die pas waarteen ons sal dans. Ons moet teen wisselende spoed kan beweeg binne die gegewe tempo wat tot die dinamiek van die opvoering sal bydra. | (2) |
| 6.3 | 6.3.1 Staccato dui aan dat die noot korter as genoteer gespeel moet word, gewoonlik ½ die waarde. Dit skep 'n spits-('pricked')-klank.
Legato beteken dat die note wat deur hierdie teken gedek word, glad gespeel moet word, sonder enige gapings. | (2) |
| | 6.3.2 Pianissimo beteken note moet baie sag gespeel word. Dit is gewoonlik die sagste aanduiding in 'n musiekstuk.
Fortissimo beteken dat note baie hard gespeel moet word. Gewoonlik die hardste aanduiding in 'n musiekstuk. | (2) |
| | | [7] |

VRAAG 7


FOKUS VAN VRAAG	LEERUITKOMSTE				VERMOËNSVLAKKE		
Nootwaardes/Rustekens	LU 1	LU 2	LU 3	LU 4	LAAG	MEDIUM	HOOG
Note/Rustekens: Kennis 7.1 – 7.4			√		4		
Komponeer: 7.5							4

Laag: 7.1 – 7.4

Hoog: 7.5

VOORBEELD VAN MOONTLIKE ANTWOORD

7.1  (1)

7.2  OF  (1)

7.3  (1)

7.4  (1)

7.5 

* kan rustekens of note wees

(4)
[8]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C: ANATOMIE EN GESONDHEIDSORG

VRAAG 8

FOKUS VAN VRAAG	LEERUITKOMSTE					VERMOËNSVLAKKE		
Gewrigsaksies/Spiere	LU 1	LU 2	LU 3	LU 4		LAAG	MEDIUM	HOOG
Gewrigsaksies: Begrip 8.1 – 8.2			√				5	
Spiere: Evaluering 8.3						10		

Medium: 8.1 – 8.2

Hoog: 8.3

- | | | |
|-----|---|-------------|
| 8.1 | fleksie; ekstensie/strekking; abduksie; adduksie; rotasie; sirkumduksie | (3) |
| 8.2 | fleksie en ekstensie/strekking | (2) |
| 8.3 | 8.3.1 Sternocleidomastoideus | |
| | 8.3.2 Trapezius | |
| | 8.3.3 Biceps Brachii of biceps | |
| | 8.3.4 Pectoralis Major | |
| | 8.3.5 Gastrocnemius | |
| | 8.3.6 Gluteus Maximus | |
| | 8.3.7 Deltoïed | |
| | 8.3.8 Quadriceps | |
| | 8.3.9 Sartorius | |
| | 8.3.10 Skenkelsenings ('Hamstrings') | (10) |
| | | [15] |

VRAAG 9

NASIENRUBRIEK/-ASSESSERINGSKAAL

VRAAG-NR.	0 – 2 SWAK	3 VOLDOENDE	4 BEVREDIGEND	5 UITSTEKEND
9.1	In staat om twee of minder fiksheidskomponente te definieer.	In staat om drie fiksheidskomponente duidelik te definieer.	In staat om vier fiksheidskomponente duidelik te definieer.	In staat om al vyf fiksheidskomponente duidelik te definieer.
	0 – 1 SWAK	2 VOLDOENDE	3 BEVREDIGEND	4 UITSTEKEND
9.2	Verduideliking van die belangrikheid van opwarming is nie akkuraat nie.	Verduidelik gedeeltelik die belangrikheid van opwarming.	Verduidelik die belangrikheid van opwarming, met redes.	Verduidelik in detail die belangrikheid van opwarming, met redes.
	0 – 1 SWAK	2 VOLDOENDE	3 BEVREDIGEND	4 UITSTEKEND
9.3	Noem vaagweg waaruit opwarming moet bestaan.	Beskryf waaruit opwarming moet bestaan.	Beskryf akkuraat waaruit 'n behoorlike opwarming moet bestaan.	Beskryf akkuraat en in detail waaruit 'n behoorlike opwarming moet bestaan.
	0 – 2 SWAK	3 VOLDOENDE	4 – 5 BEVREDIGEND	6 – 7 UITSTEKEND
9.4	Min/Geen verduideliking van die belangrikheid van buigbaarheid in 'n danser se opleiding (nie). Geen voorbeeld van 'n veilige strektegniek aanbeveel nie.	Gedeeltelike verduideliking van die belangrikheid van buigbaarheid in 'n danser se opleiding. Voorbeeld van 'n veilige strektegniek is aanbeveel.	Verduideliking van die belangrikheid van buigbaarheid in 'n danser se opleiding is gegee. Voorbeeld van 'n veilige strektegniek is akkuraat en 'n paar redes is gegee.	Gedetailleerde verduideliking van die belangrikheid van buigbaarheid in 'n danser se opleiding is gegee. Voorbeeld van 'n veilige strektegniek is akkuraat en redes is goed gemotiveer.

FOKUS VAN VRAAG	LEERUITKOMSTE				VERMOËNSVLAKKE		
Liggaamskondisionering	LU 1	LU 2	LU 3	LU 4	LAAG	MEDIUM	HOOG
Fiksheidskomponente: Kennis 9.1		√	√		5		
Opwarming: Toepassing 9.2, 9.3						8	
Buigbaarheid: Analise 9.4							7

Laag: 9.1
Medium: 9.2, 9.3
Hoog: 9.4

NOTA AAN NASIENERS:

In VRAAG 9.4 word 'n strektegniek, NIE 'n strekoefening NIE, vereis.

VOORBEELD VAN MOONTLIKE ANTWOORD

- 9.1 9.1.1 **Kardiorespiratoriese uithouvermoë:** 'n Sterk hartspeer en longe wat die vermoë het om oor 'n lang tydperk suurstofryke bloed effektief na die spiere te pomp. (1)
- 9.1.2 **Spieruithouvermoë:** Die vermoë om spiersametrekking oor 'n gegewe tydperk vol te hou. (1)
- 9.1.3 **Krag:** Dit is die kapasiteit om 'n spiersametrekking of -krag teen weerstand uit te oefen. (1)
- 9.1.4 **Kernstabiliteit:** Om krag in die middel van die liggaam te hê om balans te hou terwyl jy deur die ruimte beweeg. (1)
- 9.1.5 **Neuromuskulêre vaardighede:** Interaksie tussen senuwee-, spier-/muskulêre en skeletstelsels. (1)
- 9.2 Antwoord moet ten minste **vier gedetailleerde feite** waarom dit belangrik is om op te warm, insluit, bv.
- Laat die temperatuur diep binne-in die spiere styg, wat hul saamtrekbaarheid en buigbaarheid laat verbeter
 - Verleng saamgetrekte ligamente en bondels (bindweefsel wat die spiere omring en beskerm) en verminder so die kans op beserings
 - Verhoog die spoed van senuwee-impulsoordrag (reaksiespoed)
 - Berei geestelik voor vir groter fisiese inspanning
 - Verhoog hartskeer – pomp suurstofryke bloed na die spiere sodat hulle effektief kan werk
 - Verhoog bloedsuiker- en adrenalienvlakke – stel energie vry (4)
- 9.3 **Moontlike antwoord:**
- Antwoord moet **ten minste vier areas/gedetailleerde punte** oor wat 'n opwarming behels, insluit, bv. behoorlike opwarming, afhangend van die aktiwiteit waaraan jy gaan deelneem en die energie wat die aktiwiteit vereis, moet tien tot 30 minute lank wees. Sweet moet sigbaar wees en die liggaam moet ten volle gestrek wees. Opwarmingsoefeninge moet strek van algemene tot spesifieke bewegings. Die danser moet eerstens besig wees met die volgende:
- (a) Geleidelike verhoging van die hartskeer
- (b) Geleidelike verhoging van die diep temperatuur van die liggaam
- Dit kan bereik word deur die volgende:
- Maklike hardloop of op die plek draf in die studio vir 5 – 10 minute
 - Ligte algemene beweging van alle gewigte
 - Wanneer sweet uitbreek en 'n gevoel van liggaamshitte ondervind word, gaan voort met 'n strekroetine
 - 'Gestileerde' opwarming – wat primêre bewegings of kombinasies behels wat in die dans wat opgevoer moet word, gebruik sal word.
- Die liggaam is nou in 'n staat van gereedheid; temperatuur, bloedsuiker- en adrenalienvlakke het gestyg en gewigte is los in voorbereiding op die veeleisende aktiwiteit. Ouer uitvoerende kunstenaars moet langer voorberei as jonger dansers. (4)

- 9.4 Dit is noodsaaklik vir dansers om buigbaar te wees, aangesien dit die kwaliteit van bewegings verbeter en vryheid en 'n groot reeks bewegings toelaat. Dit verminder die kans op beserings aangesien 'n buigbare danser die wye reeks bewegings wat van die liggaam verwag word tydens die dans, sal kan hanteer. Die gewrigsreeks van beweging moet egter nie ontwikkel word ten koste van kragbalans nie. Jy moet daarop let dat 'n gewrig wat te slap is, geneig is om te verstuit/ontwrig of om degenerasiesiekte op te doen, en 'n spier wat te styf is, geneig is tot spierspanning/-ooreising. Die danser wat optimum spier- en gewrigsrekbaarheid bekom, is in staat om die liggaam effektief te gebruik en is dikwels in staat om die spanning te weerstaan wat deur beserings wat eie aan dans is, veroorsaak word. (4)

Buigbaarheid word deur strek verbeter en daar word aanbeveel dat dit aan die einde van 'n klas of wanneer die liggaam goed opgewarm is, moet plaasvind. Alle strekwerk moet in ag neem dat dansers anatomiese beperkinge het. Strek verleng die spier in die langs rigting van die vesel. Daar moet altyd 'n aangename gevoel in die spier wees. Daar is heelwat maniere om reg te strek. Een voorbeeld is die **lang, volgehoue strek**.

Tydens 'n stadige aksie kan die brein die strekrefleks omverwerp. Met bewuste beheer kan hierdie strek volgehou (gehou) word en swaartekrag kan gebruik word om die verlenging vir ten minste 30 sekondes te verleng. Om die spier 'van die been af te laat hang', gekombineer met ontspanning en konstante asemhaling, kan plekke bereik wat ander strekke nie kan nie. (3)

[20]

VRAAG 10

NASIENRUBRIEK/-ASSESSERINGSKAAL

FOKUS VAN VRAAG	LEERUITKOMSTE				VERMOËNSVLAKKE		
Spanning/Ontspanning	LU 1	LU 2	LU 3	LU 4	LAAG	MEDIUM	HOOG
Spanning/Omgewing: Kennis – 10.2			√		3		
Ontspanning/Asemhaling: Toepassing 10.1, 10.3						9	

VOORBEELD VAN MOONTLIKE ANTWOORD

- 10.1 Ten minste vier/vyf oorsake/gevolge word genoem.

Voorbeeld van moontlike antwoord:

- Oormatige spanning kan beskryf word as 'n toestand van oormatige spiertonus. Met ander woorde, die spiere is permanent in 'n staat van sametrekking en dit sal beweging beperk. (1)
- Vrees/Onsekerheid en geestelike kommer veroorsaak angs asook stywe spiere, wat dan nie in staat is om teen optimale doeltreffendheid te werk nie. Angs kan voorkom dat die danser volledig fokus op die klas en oordeelsfoute veroorsaak wat tot 'n besering kan lei. (2)
- Probleme as gevolg van spanning kan lei tot onvoldoende bloetoevoer na sekere dele van die liggaam, wat weer lei tot hoofpyn, styfheid en postuurpyne. (1)
- Spanning in die spiere veroorsaak fisiese ongemak en krampe. (1)

10.2 Kan ten minste drie punte noem.

Voorbeeld van moontlike antwoord:

Omgewing benodig vir die onderrig van ontspanning:

- Om te kan ontspan moet jy gemaklik wees, d.i. die liggaam moet ondersteun wees sodat die spiere kan ontspan.
- Die kamer- en liggaamstemperatuur moet warm wees.
- Omgewingsklanke moet nie steurend wees nie aangesien die doel nie is om slaap te veroorsaak nie, maar eerder 'n staat waar die liggaam werk teen minimum kapasiteit.

(3)

10.3 **Voorbeeld van moontlike antwoord:**

Die belangrikheid van ontspanning en asemhaling in die dansklas:

- Ontspanning laat die sinne/gees kalmeer/ontspan wat die danser toelaat om op die klas te fokus.
- Ontspanning voorkom spanning in die spiere wat die vloei van bewegings beperk.
- Asemhaling gee weer energie aan die hele stelsel deur verhoogde suurstofinname.
- Korrekte asemhaling voorkom spierkrampe.

(4)

[12]

VRAAG 11

FOKUS VAN VRAAG	LEERUITKOMSTE				VERMOËNSVLAKKE		
Besering – oorsake en behandeling	LU 1	LU 2	LU 3	LU 4	LAAG	MEDIUM	HOOG
Kennis: 11.1 – 11.2			√		8		
Toepassing: 11.3						5	

Laag: 11.1 – 11.2

Medium: 11.3

VOORBEELD VAN MOONTLIKE ANTWOORD

11.1 Die korrekte vloer om op te dans is 'n **geveerde houtvloer**. Dit is noodsaaklik want so 'n vloer absorbeer die skok vir die liggaam en versag die impak wanneer daar geland word. Korrekte bevloering behels ook vloere wat nie glad, taai/klewerig, ongelyk of grof is nie.

(4)

11.2 Vier beserings word genoem, bv. verstuite enkel, knieprobleme, skeenbeensplinters, rugprobleme, gewrig- en heupprobleme, velbarste, gebreekte bene

(4)

11.3

EERSTEHULP	HOE HELP ELKE STAP VAN DIE BEHANDELING MET HERSTEL?
Rus	Vermyn pynlike aktiwiteite met die beseerde liggaamsdeel wat die besering kan vererger of vergroot
Ys	Verminder inflammasie en sal help om swelling en littedekenweefsel te voorkom
Drukking	Verminder bloeding en oormatige swelling. Ondersteun die beseerde gedeelte.
Oplig	Om die liggaamsdeel bo die hart te lig, verminder swelling en pyn.
Herstel/Aansterk	Fisioterapie en gelykmatige oefening om die beseerde deel weer te mobiliseer en om styfheid te voorkom

(5)
[13]

TOTAAL AFDELING C: 60
GROOTTOTAAL: 150